
# God se Seëninge (3)





**2022-01-16**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Inleiding

- God hou daarvan om te seën.
- Daar is Kondisies
- Hy is lankmoedig – maar tot op 'n punt
- God het ons kom seën deur Sy Seun Jesus Christus te stuur.

Ps 103:8 The LORD *is* merciful and gracious, slow to anger, and plenteous in mercy.

Ps 103:8 Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

## God se Kondisies – Deut 28

Luister na God se stem



Stap op Sy pad

Kom God se gebooie na

Wyk nie af nie – geen ander gode

## Details van die seëninge – Deut 28

Beskerming

Kinders van die Here - heilig

Waar jy woon



Alles waaraan jy jou hande slaan

Vrug van liggaam en hande

Meer as oorwinnaar

Bonatuurlike

Basiese hulpbronne (voedsel & klere)

## Seker dinge kan lei tot "Vloeke"

Dien van ander gode

Seksuele sondes




Afbeeldings

Behandeling van ouers

Krag van Woorde (self veroorsaak )

Omkoopgeskenke aanneem

Diefstal

Op mense en vlees vertrou

Valse eed aflê (jok)

Rol van satan

### Deel 3 van God se seëninge:

### Goddelike ingryping – Jesus Christus

Daar is 'n uitweg (slegs EEN)



Beweeg van donker na lig

**Heb 10:14** Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

**Goddelike ingryping – Jesus Christus**

Lev 16:21 en Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur.
Lev 16:22 So moet die bok dan op hom al hulle ongeregtighede na 'n woeste land wegdra; en hy moet die bok in die woestyn los.



Jes 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.

# Uitruil transaksies het plaasgevind



## 1. Jesus het ons siektes en smarte op Hom geneem

*Jes 53:3  Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.*
*Jes 53:4  Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*

- Jesus het in ons plek die vloeke, boosheid en straf verdra.
- Ook krankhede en siektes
- God bied aan ons die seëninge wat vir die sondelose Jesus Christus bedoel is.

## 1. Jesus het ons siektes en smarte op Hom geneem

*Mat 8:16  En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak,*
*Mat 8:17  sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.*





## 2. Jesus is gestraf vir ons sondes

*Jes 53:5  Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*



## 3. Jesus het ons sondes op Hom geneem

*1Pe 2:23  wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel;*
*1Pe 2:24  wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.*

- Sondes van die wêreld is oorgedra na Jesus op die kruis

*Jes 53:12  Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.*

## 4. Jesus het in ons plek gesterf

*Heb 2:9 maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.*

*Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.*



## 5. Jesus het arm geword sodat ons ryk kan word

2Kor 8:9 Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk (abundantly blessed) kan word.

- Jesus het arm geword op die kruis
- Honger, dors, naak, graf was nie sy eie nie
- Alles was weggeneem van Hom


- Sodat ons ryk kan word:

2Kor 9:8 En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte <u>volop</u> kan hê en <u>oorvloedig</u> kan wees <u>tot elke goeie werk</u>.

## 6. Jesus het ons skandes op Hom geneem

Heb 12:2  die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande (shame) verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

- Kruisiging was  'n skandelike manier van sterf
- Gestroop van al jou waardigheid – naak
- Mense loop verby en spot



## 6. Jesus het ons verwerping op Hom geneem

Mat 27:46  en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

- Jesus roep uit na Sy Vader en kry geen antwoord nie
- Verwerping deur 'n Pa

Psa 69:21  Die smaad breek my hart, en ek is verswak; ja, ek het gewag op medelyde, maar verniet; en op vertroosters, maar het hulle nie gevind nie.
Psa 69:22  En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink.

## 6. Jesus het vir ons 'n vloek geword

Gal 3:13  Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—
Gal 3:14  sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.

- Jesus het 'n vloek geword
- Jesus het vir ons die deur tot seëninge oopgemaak.



## Kom ons sê dankie vir Jesus





## AGS Rayton se Visie

**"Ons volg Jesus Christus, die lig van die wêreld, deur te wandel soos kinders van die lig."**



19